Inhoudsopgawe

1	Opvoeding in die tuin van Eden — *(26 September tot 2 Oktober)*	120
2	Die gesin — *(3 tot 9 Oktober)*	128
3	Die wet as leermeester — *(10 tot 16 Oktober)*	144
4	Die oë van die Here: Die Bybelse wêreldbeskouing — *(17 tot 23 Oktober)*	152
5	Jesus die Meesteronderwyser — *(24 tot 30 Oktober)*	160
6	Meer lesse van die Meesteronderwyser — *(31 Oktober tot 6 November)*	168
7	Aanbidding in opvoeding — *(7 tot 13 November)*	176
8	Opvoeding en verlossing — *(14 tot 20 November)*	184
9	Die kerk en opvoeding — *(21 tot 27 November)*	192
10	Opvoeding in die kunste en wetenskap — *(28 November tot 4 Desember)*	200
11	Die Christen en werk — *(5 tot 11 Desember)*	208
12	Sabbat: Ervaar en leef God se karakter — *(12 tot 18 Desember)*	216
13	Die hemel, opvoeding, en ewige onderrig — *(19 tot 25 Desember)*	224

Redakteurskantoor
Rig navrae in Engels aan:
12501 Old Columbia Pike
Silver Spring, MD 20904,
United States of America

Besoek gerus ons webwerf by
http://www.absg.adventist.org

Hoofbydraes
Presidente van Sewendedag-Adventiste Kolleges

Redakteur
Clifford R. Goldstein

Subredakteur
Soraya Homayouni

Publikasiebestuurder
Lea Alexander Greve

Redaksionele Assistent
Sharon Thomas-Crews

Pacific Press®-koördineerder
Tricia Wegh

Grafiese Ontwerper
Lars Justinen

©Alle kopieregte 2020 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® word voorbehou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (Vierde Kwartaal), mag geredigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die *Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes*; dit is onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste", "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie.

Die *Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes* (standaarduitgawe) word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®. Hierdie studiegidse staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, `n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), en die uitgewer van die bybelstudiegidse. Die bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van `n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad; en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe word gedruk en versprei in Kaapstad, Suid-Afrika.

Bybelaanhalings en/of -vertalings
Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in die bybelstudiegids vir die vierde kwartaal 2020 uit die volgende Bybelvertaling aangehaal:

***Die Bybel*, die 1933/53-vertaling ©** 1933, 1953 Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
DB. Aanhalings gemerk DB is uit die Bybel, *Die Boodskap* © 2002. Alle regte voorbehou. Gebruik met toestemming van Christelike Uitgewersmaatskappy, Posbus 1599, Vereeniging, 1930.
AFR83. Aanhalings gemerk AFR83, uit *Die Bybel* © 1983. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

E.G. White-aanhalings in Afrikaans
Die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhalings wat in dié handleiding gebruik word, is vrylik vertaal deur die vertaler. Die vermelde bladsynommers stem egter ooreen met dié soos genoem in die Engelse bronteks van die bybellesstudiegids.

Christelike Opvoeding

"Die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here,en kennis van die Heilige is verstand." *(Spreuke 9:10).*

Dink na oor hierdie teksvers. Dit omvat eintlik twee baie nou-verwante konsepte: "vrees", soos eerbied, om ontsag te hê vir die heerlikheid en mag van God; en "verstand", soos om die waarheid of kennis van God se karakter aan te leer. Daarom is wysheid, kennis, en begrip, in God self gewortel.

Dit maak heeltemal sin. Trouens, God is die bron van alle bestaan, die Een alleen wat alle bestaan geskep het en onderhou. *(Joh. 1:1–3; Kol. 1:16, 17).* Wat ons ookal leer aangaande – kwarke, ruspes, supernova's, engele, duiwels, "elke mag en gesag in die hemelruim" *(Efe. 3:10, AFR83),* ja, alles – begin by en bestaan deur God alleen. Daarom het alle egte kennis en wysheid en begrip uiteindelik hulle ware oorsprong in die Here Self.

Die Skrif sê duidelik: "God is liefde" *(1 Joh. 4:8),* wat deur die volgende aanhaling van Ellen G. White onderskryf word: "Liefde, die grondslag van die skepping en verlossing, is die basis van ware opvoeding. Dit word duidelik gestel in die wet wat God as lewensgids gegee het. Die eerste en groot gebod is: "Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand." Lukas 10:27. Om Hom, die Oneindige, die Alwetende, uit die hele krag en verstand en hart lief te hê, beteken die hoogste ontwikkeling van elke vermoë. Dit beteken dat die beeld van God in die ganse wese - die liggaam, die verstand, sowel as die siel - herstel moet word."- *Opvoeding*, p.16.

Aangesien die Here die bron van alle ware kennis en alle ware opvoeding is, behoort alle Christelike opvoeding ons gedagtes op Hom, en op Sy eie openbaring van Homself te rig. Ons is alles gegee wat ons nodig het – deur die natuur, die geskrewe Woord, en deur die openbaring van Christus in die Skrif, en vir baie die reddende verhouding met ons Here, om Hom lief te hê met ons hele hart en siel. Selfs die natuur wat so besmet is oor duisende jare van sonde, spreek nog steeds, selfs kragdadig, van die goedheid en karakter van God wanneer ons dit bestudeer vanuit die perspektief soos dit in die Skrif aan ons gegee is. Maar die geskrewe Woord, die Skrif, is die volmaakte standaard van waarheid, die wonderlikste openbaring wat ons het van wie God is en wat Hy gedoen het, en nog steeds doen vir die mensdom. Die Skrif, en sy boodskap van skepping en verlossing, moet die middelpunt wees van alle Christelike opvoeding.

Die apostel Johannes het gesê dat Jesus Christus die "ware lig" is, "wat elke mens verlig" *(Joh. 1:9, AFR83)*. Met ander woorde, net soos elke mens lewe het, deur slegs dit wat Jesus gedoen het, ontvang elke mens ook die strale van Goddelike lig, en 'n mate van begrip van verhewe waarheid en goedheid.

Maar ons bevind ons elkeen in 'n stryd, die groot stryd, waarin die sielsvyand ywerig werk om te verhoed dat ons hierdie kennis verkry. Dus, ongeag wat Christelike opvoeding behels, moet dit uiteraard die student help om die lig wat God vir ons vanuit die hemel aanbied, beter te verstaan.

Wat andersins? Jesus sê: "Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?" *(Mark. 8:36, AFR83)*. Van watter nut is 'n goeie opvoeding in die wetenskap, of letterkunde, of ekonomie, of ingenieurswerke, indien jy uiteindelik in die gesig gestaar word deur die tweede dood in die poel van vuur? Die antwoord is natuurlik voor-die-handliggend, is dit nie?

Daarom is dit die onderwerp van ons les hierdie kwartaal. Wat beteken dit om 'n "Christelike opvoeding" te hê, en hoe kan ons, die kerk, op een of ander manier 'n wyse vind wat al ons lidmate in staat stel om so 'n opvoeding te verkry?

Hierdie Bybelstudiegids vir Volwassenes is geskryf deur verskeie presidente as hoofde van Sewendedag-Adventiste kolleges en universiteite in Noord-Amerika.